NG Elarduspark

# WEEKLIKS

16 Maart 2025



Kontak ons:
012 345 1144
www.ngelarduspark.co.za
kerkkantoor@ngelarduspark.org.za

50 jaar van Omgee
NG Elarduspark
1975-2025

## VIERINGE:

| | |
|---|---|
| WARM-WINTERFEES: | 16/05/2025 - 18/05/2025 |
| NATANIËL KONSERT: | 15/08/2025 |
| HOENDERBRAAI: | 30/08/2025 |
| GEMEENTEVERJAARSDAG: | 28/09/2025 |
| GEMEENTEKONSERT: | 01/11/2025 |

## HOE VOEL OF REAGEER JY IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN DIE GROOT REGTER?

Romeine 8: 31-39 herinner ons aan die onwrikbare liefde en genade van God, selfs in die aangesig van die laaste oordeel. As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hierdie troos gee ons hoop, want niks kan ons van God se liefde skei nie—nie dood of lewe, engele of magte, die hede of die toekoms nie. Die laaste oordeel is nie iets om te vrees vir diegene wat op Christus vertrou, want ons het die versekering dat ons oorwinnaars is deur Hom wat ons liefhet. God se liefde bly konstant, selfs wanneer ons voor die ewige waarheid staan.

*Die Bybel: Nuwe Vertaling (Rom 8:31). (1998). Bybelgenootskap van Suid-Afrika.*

## BIDSTOP

## TEKS VIR DIE WEEK: *Romeine 8: 31-39*

Hemelse Vader, ek kom met 'n hart vol dankbaarheid voor U, want U is vir my en niks kan teen my staan nie. Dankie dat U nie eens U eie Seun gespaar het nie, maar Hom gegee het vir my redding. Ek loof U dat niks my van U liefde kan skei nie - nie dood of lewe, vrese of probleme. In U is ek meer as 'n oorwinnaar, en ek vind vrede in U beloftes. U liefde is sterker as enige mag of omstandigheid. Ek prys U, Here, vir U ewige getrouheid. Amen.

# DANKOFFERS

Tjekrekening: 1500580174
Takkode: 631245
Verwysing: Dankoffer

SnapScan

Skandeer hier om by te dra

zapper™

Skandeer hier om by te dra

# EREDIENSTYE

## 23 Maart 2025 – 6 April 2025:

**Slegs een erediens om 09:00 in die kerkruim.**
*Geen Kinderkerk, Veranderdiens of Dieper Delf nie.*

# WARM WINTERFEES 2025

## VRYDAG 16 MEI

INGANG: R30

NAGMARK + KINDERVERMAAK (KARNAVAL-SPELETJIES & SPOOKHUIS)

BUITELUG-VERHOOG MET GASKUNSTENAARS SOOS: JACKIE LOUW; TWISTED EN THE TRAVELLER

DRUMMING CIRCLE

LAAT-AAND SOKKIE

## SATERDAG 17 MEI

INGANG: GRATIS

COLOUR RUN

BASAAR MET LEKKER KOS EN 'N VERSKEIDENHEID STALLETJIES

KINDERPARK + SPOOKHUIS

MUSIEK EN ANDER VERMAAK

PAINT & WINE

## SONDAG 18 MEI

ONS SLUIT ONS FEES AF MET 'N BAIE SPESIALE BUITELUG-FEESDIENS

KAARTJIES VIR SOMMIGE VAN DIE AKTIWITEITE SAL BESKIKBAAR WEES OP ITICKETS.

HOU ONS WEBWERF DOP VIR MEER INLIGTING NGELARDUSPARK.CO.ZA

# AFKONDIGINGS

## DANA SNYMAN

Op 11 April verwelkom ons die bekroonde joernalis en skrywer Dana Snyman om 18:30 in die Artossaal. Hy gaan stories deel, asook gesels oor sy nuwe boek "SEUN".

Bring gerus 'n piekniekmandjie en wyn, ons gaan rondom tafels heerlik saamkuier. Kostes beloop R100 per persoon.

Bespreek jou plek deur die skakel op ons webwerf onder "nou" te volg.






## JACOB'S WELL

***Is jy tussen werke?***

Kom ervaar omgee by Jacob's Well op Vrydagoggende (nie tydens skoolvakansies nie) vanaf 8:30 tot 10:00 in die Kategeselokaal. By Jacob's Well kry jy ondersteuning in verskeie fasette van jou lewe. Daar is ook blootstelling aan beskikbare werksgeleenthede. Kontak gerus vir Anel Roux by die CMR-kantoor met navrae.

## WELKOM AAN ONS NUWE LIDMATE

- Jaco en Chrissie Blom
- Bouwer Charl
- Bonnellie Opperman
- MJ en Birgit Pretorius



# AFKONDIGINGS




## WELKOM BY HERBERG STUDIO!

Is jy op soek na die perfekte ruimte om jou PODCAST op te neem? Herberg Studio is jou plek! **Ons bied:**

- Estetiese, stil en ten volle klankdigte studio vir tot 2 mense – perfek om klank van hoë gehalte te skep.
- Gemaklike opstelling met ergonomiese sitplekke en 'n uitnodigende atmosfeer om jou opnamesessie aangenaam te maak en glad te laat verloop.
- Alles-insluitende toerusting: mikrofone, rekenaar met sagteware, oudio-koppelvlak, en alles wat jy nodig het om jou PODCAST lewendig te maak!

Die huur van Herberg Studio:
R300 per uur
R800 per half dag (4 ure)
R1200 per vol dag (8 ure)
*Bespreek vandag nog jou sessie by Herberg Studio by data@ngelarduspark.org.za, waar kreatiwiteit en professionaliteit ontmoet. Kom ons help jou om jou PODCAST-drome waar te maak*!

## GEBEDSKAMER - WEES STIL EN WEET

Het jy soms nodig om stilte te kom vind – 'n plek waar jy alles in gebed by God se voete kan kom neerlê? Ons gebedskamer bied 'n ruimte vir gebed saam met 'n gebedsgroep of op jou eie. *Almal is welkom.*

**Tye:** **Maandag- Donderdag** 08:00-20:00
**Vrydag** 08:00-14:00
**Saterdag:** Nie beskikbaar
**Sondag:** 08:00-18:00
**Publieke Vakansiedae en Sondae tydens skoolvakansies:** Nie beskikbaar
**Waar:** Reg langs die Kapel. *Gebruik gerus die buitedeur.*

# AFKONDIGINGS

## OPLEIDING IN BASIESE VERSORGING VAN PERSONE MET DEMENSIE/ALZHEIMER



Om dinge te vergeet is ‘n normale deel van oudword. Wanneer vergeetagtigheid egter ‘n persoon se daaglikse lewe begin ontwrig, hulle denkprosess aantas of hulle normale gedrag verander, kan dit ‘n simptoom van ‘n groter probleem wees. Jaarliks word meer as 23 miljoen gevalle van demensie, wat Alzheimer se Siekte insluit, wêreldwyd aangemeld.

Hierdie een (1)-dag opleiding in die basiese versorging van persone wat leef met demensie (en spesifiek Alzheimer se siekte) word op Woensdag 2 April 2025 aangebied.

Die kursus rus mense, wat reeds die basiese algemene kursus in basiese gesondheidsorg voltooi het, toe met kennis en vaardighede oor onder andere:

Wat is demensie en Alzheimer se Siekte?

- Fisiese, intellektuele, sosiale en emosionele tekens en simptome van die siekte
- Versorging van ‘n persoon met demensie/Alzheimer
- Mediese uitdagings wat die persoon mag ervaar
- Wenke aan die versorger
- Omgee vir die versorger

Koste beloop R150-00 en sluit ‘n handleiding en ligte verversings in.

Kontak die CMR (Anel Roux of Alida Keet) by 012 345 1144 of cmr@ngelarduspark.org.za /mw2@ngelarduspark.org.za of Kenau Swart (082 357 6643) vir verdere inligting en ‘n registrasievorm.

# AFKONDIGINGS



# AFKONDIGINGS

## GEBEDSLYS

Norman Lamprecht
Gail Horak
Nalisha Cronje

*Om name op die lys te plaas, kontak vir Sonya by die kerkkantoor 012 345 1144 .*

## CMR

**HET JY GEWEET JY KAN JOU DONASIE AAN DIE CMR ELARDUSPARK VAN JOU BELASTING TERUGEIS?**

Op dié manier kan jy "omgee" ondersteun. Die CMR-kantoor is 'n belangrike komponent van ons gemeente se Barmhartigheidsdiens wat na ons gemeenskap uitreik. Dit is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie, en 'n Artikel 18(a) sertifikaat kan uitgereik word vir belasting-doeleindes. Jy kan 'n eenmalige donasie, of 'n gereelde bydrae maak. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na: cmr@ngelarduspark.org.za. Laat weet ons ook per e-pos indien jy 'n betaling gemaak het.

**Die CMR se bankbesonderhede:** Christelike Maatskaplike Raad Elarduspark
Standardbank | Tjekrekening no: 411235109 | Verwysing: Naam, van + 18 (a)

# ADVERTENSIES



# ADVERTENSIES



# ADVERTENSIES






# ADVERTENSIES




## AWEH Travel & Tours




Veilige, gemaklike vervoer van u huis na die lughawe, of enige ander bestemming, teen uiters billike tariewe.

Johan de Klerk
082 889 7880